



**Die heilige Josemaría Escrivá**  
Stigter van Opus Dei  
GEBED

O God, deur die geseënde Maagd Maria, het U genadegawes sonder tal aan u priester die H. Josemaría verleen. U het hom as 'n getroue instrument gekies om die Opus Dei te stig, 'n weg na heiligheid deur daaglikse werk en die gewone pligte van 'n Christen. Gee dat ook ek mag leer om alle omstandighede en gebeure van my lewe te omskep in geleenthede om U lief te hê en u Kerk, die Pous en alle mense met liefde en eenvoud te dien, deur die weë van die aarde met geloof en liefde te belig. Deur die voorspraak van die H. Josemaría verleen asseblief aan my die guns wat ek vra (vermeld jou versoek). Amen.

*Onse Vader, Wees gegroet, Eer aan die Vader*

*“Waar jou verlangens, jou werk en jou liefde is, daar kan jy Christus daagliks ontmoet. Dit is hier midde-in die aardse materiële dinge dat ons ons moet heilig, deur God en alle mense te dien. O my seuns en dogters, dit lyk asof hemel en aarde by die horison saamsmelt, maar waar hulle werklik mekaar raak, is in jul harte as julle jul lewens elke dag heilig...”*

Die H. Josemaría Escrivá. Preek Om die wêreld vurig lief te hê, 8 Oktober 1967.

Die H. Josemaría Escrivá is op 9 Januarie 1902 in Barbastro, Spanje, gebore. Hy is op 28 Maart 1925 tot priester in Saragossa gewy. Deur God se leiding het hy op 20 Oktober 1928 Opus Dei gestig. Hy het onverwags op 26 Junie 1975 in sy werkkamer in Rome gesterf, na 'n liefdevolle blik na die skildery van Ons Liewe Vrou. Teen dié tyd het Opus Dei na vyf vastelande verspei, met 80,000 lidmate uit 80 volke. Hulle het die Kerk gedien met dieselfde gees van volkome eenheid met die Pous en biskoppe wat die H. Josemaría gekenmerk het. Sy Heiligheid Pous Johannes Paulus II het die stigter van Opus Dei op 6 Oktober 2002 in Rome heilig verklaar. Sy feesdag word op 26 Junie gevier. Die liggaam van die H. Josemaría rus in die prelatiese kerk van Ons Liewe Vrou van Vrede, Viale Bruno Buozzi 75, Rome.

Verdere inligting oor die H. Josemaría Escrivá is beskikbaar by :

*[www.opusdei.org.za](http://www.opusdei.org.za) en [www.escrivaworks.org](http://www.escrivaworks.org)*

Dié wat wel gunste deur die voorspraak van die H. Josemaría Escrivá ontvang, word versoek om dit aan te meld by: Die Opus Dei Prelatuur, Posbus 3270, Houghton 2041, Suid-Afrika; e-pos: [info.za@opusdei.org](mailto:info.za@opusdei.org)

**AFRIKAANS**

Met kerklike goedkeuring